



basic education

**Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS TWEDE ADDISIONELE TAAL V2

2022

KWAZULU-NATAL

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 40

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 9 bladsye.

NASIEN VAN DIE LETTERKUNDE

1. Spel- en taalfoute in antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is. (Foute moet steeds aangedui word.) Waar die foute die betekenis van die woord(e) verander, word dit wel gepenaliseer.
2. Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal wat geassesseer word, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
3. Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering/bewys moet oorweeg word.
4. Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae word geen punte toegeken nie. Net die rede/motivering/aanhaling word bepunt.
5. Waar een-woord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek, **mits** die korrekte woord ondersteep of op een of ander wyse uitgelig word.
6. Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
7. Aanvaar dialektiese variasies.
8. Aanvaar die letter en/of die korrekte antwoord wat uitgeskryf is by 'n **meervoudigekeuse-vraag**.

AFDELING A: KORTVERHALE**VRAAG 1: LUGSPIEËLINGS – Myicelie Pienaar****VERHAAL A: "SOLDATE IN WIT KLERE" – Hannah Bell**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1.1	Derdepersoonsverteller	1
1.1.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die verteller weet wat almal dink en doen. • Die verteller gebruik voornaamwoorde soos hy/sy. • Daar word oor die hoofkarakter gepraat; hy praat nie self nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Antwoord op Vraag 1.1.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.1.2 te verdien) 	1
1.2	(Hy was) die plaas se bestuurder/op die plaas gewerk.	1
1.3	(Hy het) malaria (gehad)	1
1.4	<ul style="list-style-type: none"> • Oom Labu het teruggegaan plaas toe. • Oom Labu het die werk op die werf afgehandel. • Oom Labu het die deure gesluit en die ligte aangeskakel. • Oom Labu het lank gebid. 	1 1 1 1
1.5.1	Die land se inwoners en die Vryheidsvegters. (Albei karakters moet genoem word om die punt te verdien)	1
1.5.2	<ul style="list-style-type: none"> • Daar was 'n bosoorlog tussen die land se inwoners en die Vryheidsvegters (in Zimbabwe). • Oom Labu se buurman is deur die Vryheidsvegters doodgeskiet. • Die Vryheidsvegters wou oom Labu aanval. • Hulle het oor grond baklei. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Antwoord op Vraag 1.5.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.5.2 te verdien) 	1
1.6.1	In die verlede	1
1.6.2	<ul style="list-style-type: none"> • Hulle praat in die verhaal oor die bosoorlog. • Die bosoorlog het lank terug gebeur. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Antwoord op Vraag 1.6.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.6.2 te verdien) 	1
1.7.1	Oom Labu	1

1.7.2	<p>Aan die begin ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • was hy bang (vir iets bonatuurliks) • het oom Labu nie gebid nie. • het hy sy eie pad geloop/eie planne vir sy lewe gemaak. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> <p>Aan die einde ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • het oom Labu soos 'n kind geslaap. • het hy lank gebid/op sy knieë aan die slaap geraak. • het hy sy lewe in God se hande geplaas. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> <i>(Antwoord op Vraag 1.7.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.7.2 te verdien)</i> 	1
1.8.1	verkeerd	1
1.8.2	<ul style="list-style-type: none"> • Hy het nie self gesond geword nie. • Die pille het nie gehelp nie. • Hy het so siek geword dat hy hospitaal toe moes gaan. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> <i>(Antwoord op Vraag 1.8.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.8.2 te verdien)</i> 	1
1.9.1	<ul style="list-style-type: none"> • Oom Labu het alleen op die plaas geslaap. • Oom Labu het nie die regering se reëls nagekom nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> 	1
1.9.2	<ul style="list-style-type: none"> • Ek sou liewer na my buurman toe gery het (al was dit teen die reëls). • Ek sou vir die weermag laat weet het ek is alleen. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> <i>(Antwoord op Vraag 1.9.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.9.2 te verdien)</i> 	1
1.10	B/Wonderwerke gebeur wel.	1

VERHAAL B: "DIE TWEE GESINNE VAN LIZZIE MNQEBISA" – Myicelie Pienaar

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.11.1	Lizzie	1
1.11.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die leser leer haar die beste ken./Sy is die meeste van die tyd teenwoordig. • Dit is die karakter wat die meeste verandering ondergaan. • Die verhaal gaan oor Lizzie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> <i>(Antwoord op Vraag 1.11.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.11.2 te verdien)</i> 	1
1.12	Molteno	1
1.13	oorbelle	1

1.14.1	D/was 'n lieftallige persoon.	1
1.14.2	E/was 'n bitsige persoon.	1
1.14.3	A/het probeer om almal gelukkig te hou.	1
1.14.4	B/kon baie goed organiseer.	1
1.15	<p>Letterlik: Lizzie het haar eie gesin in Molteno gehad, maar Estrelita se gesin was ook deel van haar lewe. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</p> <p>Figuurlik: Estrelita se gesin was nie werklik Lizzie se gesin nie, sy het vir hulle gewerk, maar as haar eie beskou. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	2
1.16.1	Estrelita se huis	1
1.16.2	Humoristies/grappig (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.17.1	dinge te doen soos sy wil	1
1.17.2	<ul style="list-style-type: none"> • Lizzie praat baie op Estrelita se foon sonder om te betaal. • Sy weier om vir 'n spataaroperasie te gaan. • Sy hou daarvan om haar twee gesinne uitmekaar te hou. • Sy bederf vir Beate teen Estrelita se opdrag. • Sy is in beheer van die stokvel. • Sy is kwaad omdat haar kinders kom kuier het/omdat daar meer werk is. <p>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (Antwoord op Vraag 1.17.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.17.2 te verdien)</p>	2
1.18.1	<ul style="list-style-type: none"> • Hulle het gesien waar hulle ma bly/werk. • Hulle kon tyd saam met hulle ma deurbring. • Dit was 'n lekker vakansie vir hulle. • Hulle kon dinge doen wat hulle nie in Molteno kon doen nie. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
1.18.2	<p>Ek sou ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • hulle by hulle ma/Lizzie laat bly het. • Lizzie tyd gee om meer aandag aan die kinders te gee. <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
1.19.1	Estrelita het Lizzie se kinders gaan haal sonder om dit met Lizzie te bespreek. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1

1.19.2	<ul style="list-style-type: none"> Ek sou eers Lizzie se toestemming gekry het. Ek sou om verskoning gevra het. Ek sou aangebied het om die kinders terug te stuur Molteno toe. Ek sou vir Lizzie verduidelik het dat ek goed bedoel het/haar 'n guns wou doen. Ek sou aangebied het om vir Lizzie geld te gee om die kinders te bederf. Ek sou aangebied het om die kinders besig te hou. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Antwoord op Vraag 1.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 1.19.2 te verdien) 	1
1.20	D/gesinsverhoudings.	1

TOTAAL: 40**AFDELING B: DRAMA****VRAAG 2: PERDEKRAG – Cecilia du Toit**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.1.1	toneelaanwysings	1
2.1.2	<ul style="list-style-type: none"> Dit sê wat die akteurs moet doen. Dit sê vir die leser wat op die verhoog gebeur/hoe die verhoog moet lyk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Antwoord op Vraag 2.1.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.1.2 te verdien) 	1
2.2	<ul style="list-style-type: none"> Hy moes die stalle uithark/ou strooi/gras uit die stalle haal/die stalle skoonmaak. Hy moes vars strooi in die stalle sit. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
2.3	(Aan die) saals (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
2.4	<ul style="list-style-type: none"> Lucky het iemand se katjies doodgemaak. Die magistraat het gesê Lucky moes gemeenskapsdiens doen. Lucky kom by Wilma se perdeplaas aan. Lucky ontmoet vir Binki. 	1 1 1 1
2.5.1	<ul style="list-style-type: none"> Silwerkloof(stalle) Wilma se perdeplaas (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
2.5.2	"skoorvoetend" (Penaliseer nie indien die woord nie tussen aanhalingsstekens is nie.)	1
2.6.1	modern	1

2.6.2	<ul style="list-style-type: none"> • " 'n paar SMS'e stuur "/Lucky stuur SMS'e. • " selfoon "/Hulle gebruik selfone. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Penaliseer nie indien dit nie tussen aanhalingstekens is nie) (Antwoord op Vraag 2.6.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.6.2 te verdien) 	1
2.7.1	omgee vir ander mense	1
2.7.2	<ul style="list-style-type: none"> • Sy het ingestem dat Lucky sy gemeenskapsdiens op die perdeplaas kan doen. • Sy het haar oor Binki ontferm/vir Binki blyplek gegee/vir Binki gehelp. • Sy het gestremde kinders gehelp. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde) (Antwoord op Vraag 2.7.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.7.2 te verdien) 	2
2.8.1	reg	1
2.8.2	<ul style="list-style-type: none"> • Lucky het diere mishandel./Hy het (ses) katjies verdrink. • Lucky moes leer om diere te respekteer. • Lucky moes leer om verantwoordelikheid vir sy dade te aanvaar. • Lucky moes uit sy foute leer/leer wat is reg en verkeerd. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Antwoord op Vraag 2.8.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.8.2 te verdien) 	1
2.9.1	<ul style="list-style-type: none"> • Hy moet na Wilma luister/doen wat Wilma vra/gehoorsaam wees. • Hy moet ordentlik met Wilma praat/Wilma respekteer/met respek met Wilma praat. • Hy moet sy houding verander. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) 	1
2.9.2	<ul style="list-style-type: none"> • Daar sou vrede tussen hom en Wilma wees. • Wilma sou nie gedreig het om hom weg te stuur nie. • Dit sou Lucky se lewe makliker maak/hom help om uit die moeilikheid uit te bly. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Antwoord op Vraag 2.9.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.9.2 te verdien) 	1
2.10	D/genesing.	1
2.11.1	Lucky	1
2.11.2	<ul style="list-style-type: none"> • Die leser leer hom die beste ken./Hy is die meeste van die tyd teenwoordig. • Dit is die karakter wat die meeste verandering ondergaan. • Die drama gaan oor Lucky. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Antwoord op vraag 2.11.1 moet korrek wees om die punt by vraag 2.11.2 te verdien) 	1

2.12	water	1
2.13	<ul style="list-style-type: none"> • Lady Jane • Tinkerbell (Enige EEN) 	1
2.14.1	D/het nie van ryk mense gehou nie.	1
2.14.2	A/het nie maklik met ander mense gepraat nie.	1
2.14.3	E/het baie keer oorsee gereis.	1
2.14.4	B/het geweet hoe om met perde te werk.	1
2.15	<p>Letterlik:</p> <p>Die drama gaan oor die fisiese krag van perde. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</p> <p>Figuurlik:</p> <p>Die drama gaan oor die genesende krag van perde. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
2.16.1	<ul style="list-style-type: none"> • Lucky wou vir Kaizer slaan./Lucky het die karwats by Kaizer gelig. • Lucky het lelik met Kaizer gepraat. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Aanvaar ook aanhalings uit die teks) 	1
2.16.2	<p>Kaizer het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • Lucky gestamp. • Lucky teen die staldeur vasgedruk. • bo-oor Lucky getrippel. • kwaai gerunnik. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Aanvaar ook aanhalings uit die teks) 	1
2.17.1	Binki	1
2.17.2	<p>Aan die begin ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • was Binki skaam vir haar letsels. • was Binki bang vir die perde. • was Binki teruggetrokke. • was Binki nie gemaklik om oor haar lewe te praat nie. • het Binki haar ma op haar naam/Sabrina genoem. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) <p>Aan die einde het Binki ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • kaalarms rondgehardloop. • saam met die perde gehardloop. • maats geword met Lucky. • vir Lucky alles vertel wat met haar gebeur het. • Sabrina "Ma" genoem (en nie meer op haar naam nie) (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Antwoord op Vraag 2.17.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.17.2 te verdien) 	1

2.18.1	<ul style="list-style-type: none"> • Lucky het verstaan dat ander mense ook swaarkry. • Hy het vrede gemaak met sy omstandighede. • Hy het vriende gemaak met Binki. • Hy het respek aangeleer vir diere/mense. • Hy het 'n beter verhouding met die perde gehad. • Hy het besef dat nie alle ryk mense varke/rotte is nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> 	1
2.18.2	<p>Ek sou ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • dat Lucky se ma 'n werk kry waar sy meer geld sou kry. • dat Lucky se ma op die perdeplaas kom werk het/dat die mense van Shangri La Villas weer vir Lucky se ma werk gee. • dat Lucky naweke teen betaling by die stalle werk. • dat Lucky vakansies op die plaas werk. • Lucky toelaat om ook perd te ry. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> 	1
2.19.1	<p>Ek sou ...</p> <ul style="list-style-type: none"> • nie my letsels weggesteek het nie. • daaroor gepraat het indien iemand gevra het. • nie skaam gewees het nie. • die letsels aanvaar, want ek kon niks daaraan verander nie. • 'n dokter vir raad gevra het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> 	1
2.19.2	<ul style="list-style-type: none"> • Mense sou my so aanvaar het. • Ek sou vriende gehad het/nie so alleen gewees het nie. • Ek sou dalk weer na 'n gewone skool toe gegaan het. • Ek sou nie bang/skaam vir ander mense gewees het nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i> <i>(Antwoord op Vraag 2.19.1 moet korrek wees om die punt by Vraag 2.19.2 te verdien)</i> 	1
2.20	C/die beste van jou omstandighede moet maak.	1

TOTAAL: 40**GROOTTOTAAL: 40**